AFKONDIGINGS 13 SEPTEMBER 2026

1. Die Heilige Doop word vanoggend bedien.

2. ’n Kollekte vir die gemeente se beursfonds word vanoggend opgeneem.

3. Nominasies vir vakante wyke was by die Skriba teen Donderdag ingehandig

3.1 **VAKANTE WYKE:**
OUDERLINGE: WYKE: 1; 2; 3; 4; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 13; 14; 15

3.2 Die Kerkraadsverkiesings vergadering het Donderdag,10 September plaasgevind. Die volgende lidmate is tot die amp van Kerkraad verkies:
Ouderling: Vir ‘n Eerste termyn: Br Melvyn Isaacs
Diakens: Vir ‘n Eerste termyn: Br Cupid Adams; Br Shaun Stroebel; Br Jaycee (Jnr) Afrika; Sr Amanda Cloete; Sr Claudene Geduld; Sr Jenene Petersen

*****BEPALING 32**
32.1 WIE IS VERKIESBAAR
32.1.1 TOT OUDERLINGE EN DIAKENS WORD VERKIES LIDMATE WAT ONBERISPELIK IS IN LEER, LEWE EN WANDEL VOLGENS DIE EISE VAN DIE SKRIF, WAT DEUR DIE HEILIGE GEES TOEGERUS IS TOT DIE BESONDERE DIENS EN WAT GEEN TEëSTREWERS VAN DIE BESTAANDE KERKLIKE VERORDENINGE IS NIE.
Bepaling 32.3.3: Afkondiging van name van verkosenes.
Die name van verkosenes word onmiddellik deur afkondiging op drie agtereenvolgende Sondaeaan die gemeente vir approbasie (goedkeuring) voorgedra.
BEPALING 32.5 BESWARE TEEN VERKOSENES
32.5.1 Indiening van besware
ENIGE LIDMAAT HET DIE REG OM SY/HAAR BESWARE TEEN EEN OF MEER VAN DIE VERKOSENES BY DIE VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD (Leraar) IN TE DIEN VOOR DIE DERDE AFKONDIGING VAN DIE NAME.

DIE VOORSITTER SAL SONDER VERWYL 'N KERKRAADSVERGADERING BELê OM DIE BESWARE TE OORWEEG. AS DIT NIE KAN GESKIED VOOR DIE DERDE AFKONDIGING NIE, WORD DIE AFKONDIGING GEDOEN, MAAR DIE INGEKOME BESWARE SO SPOEDIG MOONTLIK DAARNA DEUR DIE KERKRAAD BEHANDEL.
32.5.2 INDIEN DIE VEREISTE VERGADERING GEHOU KAN WORD VOOR DIE DERDE AFKONDIGING EN DIE BESWARE GEGROND BEVIND WORD, WORD MET DIE AFKONDIGING VAN DIE NAME VAN DIEGENE TEEN WIE BESWARE GEMAAK IS, NIE VOORTGEGAAN NIE.INDIEN DIE BESWARE EERS NA DIE DERDE AFKONDIGING BEHANDEL KAN WORD EN HULLE GEGROND BEVIND WORD, MOET DIE BEVESTIGING VAN DIEGENE TEEN WIE BESWARE GEGROND BEVIND IS, NIE GESKIED NIE. IS DIE BESWARE VAN 'N ERNSTIGE AARD, DAN WORD VERDER GEHANDEL VOLGENS DIE TUGPROSEDURE. DIE VERKIESING VAN LEDE TEEN WIE DIE BESWARE GEGROND BEVIND WORD, WORD NIETIG VERKLAAR, EN ANDER WORD SO SPOEDIG MOONTLIK IN HUL PLEK GEKIES.

4. VGKSA se Ringsitting vind plaas vanaf Woensdag 16 September tot Sondag 20 September, te VGK Belhar-Oos.

5. Vrouesondag vind volgende Sondag, 20 September plaas.

6. Daar is geleentheid vir items tydens die Oktober/November eredienste op
die volgende datums:
a) 04 Oktober 2026 b) 18 Oktober 2026
c) 08 November 2026 d) 22 November 2026
Kontak gerus die kerkkantoor as u op hierdie wyse lof en eer aan die Here wil betoon.

7. **CHOIR NEWS: Fun Fact #1:** Is your immune system low? Do you have increased stress? ***Did you know -*** Singing can improve breathing, posture and muscle tension. And it has been shown to reduce stress hormones and increase immune proteins. Improve your physical health and ***join the*** **church choir!!** Next rehearsal is Thursday 17th September 2026 @19h00

8. Die CYM se funksie van 26 September is afgestel.

9. Die Barmhartigheidskommissie doen graag ‘n beroep op lidmate vir die skenking van nie-bederfbare produkte, wat aan behoeftige gemeente lede/families geskenk sal word. Items kan Sondagoggende in die blou houers geplaas word, wat in die voorportaal sal wees. U is ook welkom om skenkings gedurende die week na die Kerkkantoor te bring. Ons dank u byvoorbaat vir u bydrae. Voorbeelde van items: weet bix, mieliemeel, oats, boks melk, mince mate, 2 minute noodles, geblikte vis, corned beef, mash, koffie, tee, suiker, jam, peanut butter.

10. Die Leeshoekiegroep nooi u vriendelik uit na ‘n tweetalige boekbespreking van “The Spiritual Mandela” deur Dennis Cruywagen. Pres. Mandela was ’n lidmaat van die Metodistekerk en het nederigheid, vergifnis en versoening verpersoonlik. Dit geskied om 11:00 op 30 September 2026 in die Adonia Lottering saal.

11. Siekes

11.1 Br Johannes Strauss (Wyk 10) is in Louis Leipoldt Hospitaal
11.2 Voorbidding vir almal van wie ons nie kennis dra nie.

12. Meelewing met naasbestaandes van afgestorwenes:

12.1 Sr Mavis Linee (Wyk 2) se broer van Colesburg is oorlede. Sy begrafnis was reeds in Colesburg. Haar niggie is ook Vrydag in Colesburg oorlede. Die begrafnis reëlings is nog onbekend.

Die Here se vertroosting word die families toegebid.

****

GEMEENTE WEBWERF:

www.urcbellville.co.za

urcb.newsletter@outlook.com